# NASIENRIGLYNE

| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | VERBRUIKERSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **DUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 18 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: KORT VRAE

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | B | (1) | Onthou maklik | SV p 182 | V p 165 | |
| 1.1.2 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 172 | V p 155/156 | |
| 1.1.3 | A | (1) | Verstaan maklik | SV p 184/185 | V p 167/168 | |
| 1.1.4 | B | (1) | Onthou matig | SV p 89 | V p 75/76 | |
| 1.1.5 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 108/109 | V p 91 | |
| 1.1.6 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 93 | V p 79/80 | |
| 1.1.7 | C | (1) | Verstaan maklik | SV p 127 | V p 105 | |
| 1.1.8 | B | (1) | Onthou maklik | SV p 123 | V p 103 | |
| 1.1.9 | D | (1) | Onthou maklik | SV p 69 | V p 61 | |
| 1.1.10 | A | (1) | Onthou matig | SV p 67 | V p 61 | |
| 1.1.11 | C | (1) | Onthou maklik | SV p 137 | V p 119 | |
| 1.1.12 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 146 | V p 127 | |
| 1.1.13 | D | (1) | Onthou matig | SV p 145 | V p 126 | |
| 1.1.14 | B | (1) | Verstaan maklik | SV p 171 | V p 149 | |
| 1.1.15 | C | (1) | Onthou maklik | SV p 23 | V p 19 | |
| 1.1.16 | D | (1) | Onthou maklik | SV p 11 | V p 8 | |
| 1.1.17 | A | (1) | Onthou maklik | SV p 36 | V p 37 | |
| 1.1.18 | B | (1) | Verstaan matig | SV p 34/35 | V p 35 | |
| 1.1.19 | C | (1) | Onthou matig | SV p 34 | V p 35 | |
| 1.1.20 | B | (1) | Toepassing matig | SV p 18 | V p 11 | (20) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.2 | A, B, E, G | (4) | Onthou maklik | SV p 26 | V p 25 | (4) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.3 | C, D, F | (3) | Verstaan maklik | SV p 142 | V p 124 | (3) |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1.4.1 | B | (1) | Verstaan maklik | SV p 51 | V p 49/50 | |
| 1.4.2 | C | (1) | Verstaan maklik | SV p 51 | V p 49/50 | |
| 1.4.3 | A | (1) | Verstaan maklik | SV p 51 | V p 49/50 | (3) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.5.1 | C | |
| 1.5.2 | E | |
| 1.5.3 | G | |
| 1.5.4 | B | |
| 1.5.5 | A | (5) |

Verstaan matig SV p 113/4
V p 93-95

| | | |
|---|---|---|
| 1.6.1 | Steenkool | |
| 1.6.2 | Gas | |
| 1.6.3 | Kernkrag | |
| 1.6.4 | Biomassa | |
| 1.6.5 | Olie | (5) |

Toepassing moeilik SV p 190/191
V p 169-172

**[40]**

## AFDELING B

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 **Definieer *rentekoers.***

- Die rentekoers is die koste✓ verbonde aan die leen van geld/die koers waarteen leners rente betaal op die geld wat hulle by uitleners leen.✓
  OF
- Die bedrag wat 'n finansiële instelling/kredietverskaffer✓ hef vir die gebruik van geld.✓

Onthou maklik SV p 183, 184 V p 166 (2)

2.1.2 **Verduidelik hoe die Nasionale Kredietwet die repokoers (terugkoopkoers) gebruik om die rentekoerse wat deur kredietverskaffers gehef word, te reguleer.**

- Die repokoers is die rentekoers waarteen handelsbanke geld van die Reserwebank kan leen.✓
- Die NKW gebruik hierdie koers as die standaard wanneer die rentekoers vir verskillende kredietverskaffers bepaal word.✓
- Kredietverskaffers mag nie meer vra as die maksimum rentekoers wat deur NKW bepaal is nie.✓ (Enige 2) (2)

Verstaan matig SV p 184 F p 166.

2.2 **Verduidelik wat Belasting op Toegevoegde Waarde is.**

- Belasting op toegevoegde waarde word gebaseer op die verbruik van goedere.✓
- Daar word op elke stadium van produksie 'n persentasie by die prys van goedere en dienste gevoeg.✓
- Dit beteken dat 14%/15% by die koste gevoeg moet word elke keer wanneer waarde by die produk gevoeg word.✓
- Die winkeleienaar mag enige BTW wat betaal is (uitset-BTW) aftrek van BTW wat ontvang is (inset-BTW).✓
- Die verskil/geld wat so verkry word, word aan die Ontvanger van Inkomste /regering betaal.✓
- Alle verbruikers betaal BTW ongeag van hul inkomste of die koopprys van die item.✓ (Enige 4)

Verstaan matig SV p 181 V p 164/165. (4)

**NB: Aanvaar 14% omdat dit die BTW was toe die handboeke geskryf is.**

2.3 **Gee TWEE noodsaaklike dele van ‘n wettige dienskontrak.**

- Die aanbod van indiensneming van die werkgewer/wat die werkgewer van die werknemer verwag.✓
- Die aanvaarding van die indiensnemingsvoorwaardes en loon/salaris wat aangebied word.✓

Verstaan maklik SV p 169 V p 155. (2)

2.4 **Verduidelik wat direkte bemarking is.**

- Wanneer ‘n onderneming ‘n verbruiker persoonlik/per pos/deur middel van elektroniese kommunikasie nader✓ met die direkte/indirekte doel om goedere te bemark/besigheid te verskaf✓of in die gewone gang van besigheid ’n donasie te vra.✓ (Enige 2)

Verstaan maklik SV p 173 V p 157. (2)

2.5 2.5.1 **Identifiseer die swendelskema waarna die inligting verwys.**

- Uitvissing✓

Onthou maklik SV p 177 V p 159 (1)

2.5.2 **Skryf ‘n paragraaf en stel VIER maniere voor hoe die verbruiker homself/haarself teen die swendelskema wat in 2.5.1 geïdentifiseer is, kan beskerm.**

- Moenie’n epos oopmaak/wis dit uit as jy die geldigheid daarvan bevraagteken.✓ ‘n Mens moet altyd anti-virus sagteware op jou rekenaar hê.✓ Dit is noodsaaklik om nooit persoonlike inligting vir enige iemand te gee nie.✓ ’n Mens moet altyd bewus wees van enige kommunikasie van sy/haar bank in verband met spam.✓ Kontak jou bank/finansiële instelling onmiddelik as jy vermoed dat jy ‘n slagoffer van uitvissing is.✓ (Enige 4)

Toepassing matig SV 176, 177 V p 159. (4)

**NB: Trek EEN punt af indien paragraaf nie geskryf is nie.**

2.6 **Baie dorpe in Suid-Afrika het gekontamineerde kraanwater en riool wat in die strate vloei. Bespreek die gevare vir die inwoners van hierdie dorpe.**

- Onbehandelde riool besmet die omgewing✓ en veroorsaak siektes soos diarree✓/Hepatitis A/*E.Coli* infeksie /Disenterie/Fibrio Cholera.✓
- Die riool veroorsaak ‘n slegte reuk/stank.✓
- Groentetuine/riviere word besmet as riool daaroor/daarin spoel.✓
- Mense wat besmette water drink kan baie siek word of selfs doodgaan.✓
- Mense sal ook besmet word as hulle in besmette water bad/hande was.✓
- As daar nie skoon, vars water is nie kan die mense gedehidreerd raak.✓
- Hulle sal ook nie kos kan kook/skottelgoed was/bad/klere was nie.✓

(Enige 5) (5)

Verstaan matig SV p 197 V p 177.

2.7 **Pieter kan nie kontant betaal vir ‘n nuwe yskas nie. Beskryf die kredietkontrak wat hy kan gebruik om die yskas dadelik te koop.**

- Pieter behoort die afbetaalverkooptransaksie te gebruik.✓
- Pieter betaal ‘n deposito.✓
- Pieter stem in om die koopprys✓, plus rente✓ en ander vaste maandelikse koste vir ‘n gespesifiseerde aantal maande te betaal.✓

(Enige 4) (4)

Toepassing matig SV p 171 V p 148.

2.8 **Noem VIER voordele om gas in die huis te gebruik.**

- Gas is ‘n baie doeltreffende brandstof vir huishoudelike voedsel-voorbereiding en verhitting.✓
- Gas is goedkoper as elektrisiteit.✓
- Dit is die skoonste fossielbrandstof beskikbaar/omgewingsvriendelik/ produseer lae koolstofvrystellings/gas brand sonder om te rook/besoedel nie die lug nie.✓
- Gas produseer onmiddelike hitte wat baie akkuraat beheer kan word/kook vinnig.✓
- Meeste gastoestelle is goedkoper as elektriese toestelle.✓
- Huishoudings sal nie deur beurtkrag geaffekteer word nie.✓
- Gastoestelle het byna geen onderhoud nodig nie.✓
- Deur gas te gebruik, word elektrisiteit bespaar. ✓
- Gas is maklik om te gebruik/bêre/vervoer.✓ (Enige 4) (4)

Onthou matig SV p 194/195 V p 176.

2.9 2.9.1 **Noem TWEE hernubare vorms van energie wat deel kan vorm van die energie rewolusie.**

- Wind✓
- Sonkrag✓

Onthou maklik SV p 191 V p 170, 171. (2)

2.9.2 **Analiseer hoe hierdie inisiatief van die Stad Kaapstad verbuikers kan lei om verantwoordelikheid te neem om die elektrisiteitskrisis op te los en die koolstofspoor te verklein.**

- Tradisionele krag/elektrisiteit word van nie-hernubare bronne soos steenkool, olie en brandstof gegenereer.✓
- Hierdie inisiatief fokus op krag wat van hernubare bronne gegenereer word.✓
- Hierdie inisiatief sal die tekort aan elektrisiteit in die stad oplos deur ekstra elektrisiteit aan die sisteem te verskaf.✓
- Die behoefte aan tradisionele krag/elektrisiteit sal verminder✓en besoedeling sal ook verminder.✓
- Om vir skoon krag wat in die sisteem verskaf word, betaal te word✓ is ‘n aansporing aan verbruikers om hierdie opsie te oorweeg.✓
- Verbruikers kan soveel krag as wat hul beskikbaar het, aan die sisteem verskaf✓ – geen beperking nie, dus vermeerder die verantwoordelike gebruik van elektrisiteit/besparing van elektrisiteit.✓

Analisering moeilik SV 190 V p 169. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 3.1.1 **Definieer *Glukemiese Indeks*.**

Die glukemiese indeks meet met hoeveel voedsel wat koolhidrate bevat die glukosevlak in die bloed sal laat styg, op 'n skaal van 1 to 100, gebaseer op hoe vinnig en tot watter mate die bloedglukosevlakke styg✓ nadat hierdie kosse geëet en verteer is.✓

Onthou maklik SV p 77 V p 71. (2)

3.1.2 Neem die gesondheidsertifiseringsembleme in ag en verskaf uit onderstaande tabel TWEE kossoorte vir elk van die volgende verbruikers. Teken die tabel in jou ANTWOORDBOEK en voltooi dit.

| VERBRUIKER | VOORGESTELDE GI-VLAKKE | TWEE KOSSOORTE |
|---|---|---|
| Kossoorte vir 'n aktiewe tienjarige seun. | Medium GI (Aktiewe voedsel)✓ (1) | • appelkose✓<br>• piesang✓<br>• volgraanmuffin✓<br>• lemoensap✓<br>(Enige 2) |
| Kossoorte vir 'n volwasse man wat in 'n kantoor werk en 'n sittende lewe lei. | Lae GI (Dikwels voedsel)✓ (1) | • appel✓<br>• Provita✓<br>• saadbroodjie✓<br>• joghurt✓<br>(Enige 2) |
| Kossoorte vir 'n driekamp atleet voor 'n wedren. | Hoë GI (Oefen voedsel)✓ (1) | • ryskoekies✓<br>• sportdrankie✓<br>• waatlemoen✓<br>• Weetbix✓<br>(Enige 2) |
| Verstaan matig SV p 78 V p 71. | | |

(9)

3.1.3 **Beskryf hoe verbruikers wat met Tipe 2 diabetes sukkel die glukemiese indeks tot hul voordeel kan gebruik.**

- Stadige vrystelling van lae GI voedsel verhoed dat bloedglukose vining styg en hou dit stabiel✓ dit beheer/maak insuliengebruik meer effektief.✓
- Hoë GI voedsel moet in kombinasie met lae GI voedsel geëet word om ‘n vinnige styging in die bloedglukosevlak te verhoed.✓
- Oplosbare vesel✓ wat voorkom in lae GI voedsel veroorsaak dat suiker stadiger in die bloedstroom opgeneem word.✓
- Lae GI voedsel vertraag die gevoel van honger✓ sodat gesonder keuses gemaak sal word.✓
- As hipoglukemie in ‘n diabeet ontstaan, moet hoë GI voedsel geëet word.✓ . (Enige 4)

Verstaan matig SV p 77, 82 V p 71-73. (4)

3.2 3.2.1 **Identifiseer TWEE gevare van sosiale media.**

- Onrealistiese verwagtinge/foto’s✓
- Kuberboelies✓
- Nie-relevante inligting✓
- Gevoel van uitsluiting✓ (Enige 2)

Onthou maklik SV p 95 V p 82 uittreksel. (2)

3.2.2 **Beskryf die eetversteuring bulimia nervosa.**

- Eetvergryping✓as gevolg van depressie, stres of ander gevoellens,✓ lei tot kalmte en word dan vervang deur gevoellens van selfveragting en skaamte.✓
- ‘n Sielkundige eetversteuring.✓
- Die eetvergryping word gevolg deur onvanpaste kompenserende metodes om gewigstoename te voorkom.✓
- Hierdie kan selfgeïnduseerde braking/misbruik van lakseermiddels urinedrywers of enemas/vas/oormatige oefening wees.✓ (Enige 3)

Onthou maklik SV p 94-95 V p 82. (3)

© SACAI KOPIEREG

3.2.3 **Stel DRIE riglyne voor om jong volwassenes te help om gesonde eetgewoontes te handhaaf terwyl hulle met sosiale media handel.**

- Kry hulp as jy voel dat jy beheer verloor/praat met iemand.✓
- Wees versigtig oor wie jy op sosiale media volg.✓
- Moenie alles glo wat jy sien nie.✓
- Kontroleer inligting voordat jy dit glo.✓
- Leer meer oor gesonde diëte.✓
- Ontwikkel gesonde vriendskappe.✓ (Enige 3)

Skepping moeilik SV p 94/95 V p 82 uittreksel. (3)

3.3 3.3.1 **Verduidelik wat 'n allergiese reaksie is.**

- As die liggaam se immuunstelsel✓ verkeerdelik dink dat a voedselproteïen skadelik is✓ en daarteen optree.✓
  OF
- Abnormale reaksies✓ van die immuunstelsel✓ op 'n tipe stof wat normaalweg skadeloos is, soos stuifmeel, kossoorte en mikro-organismes.✓ (Enige 2)

Onthou maklik SV p 92 V p 79. (2)

3.3.2 **Noem TWEE algemene simptome van 'n allergiese reaksie wat in die gastro-intestinale stelsel ondervind mag word.**

- Koliek✓
- Opgeblaasdheid✓
- Veluitslag✓
- Vomering/braking✓
- Diarree✓
- Naarheid✓
- Maagkrampe✓
- Swelling om die mond en in die keel✓ (Enige 2)

Verstaan, maklik SV p 92 Vp79. (2)

3.3.3 **Die meeste voedseloordraagbare siektes kan verhoed word deur besmette voedsel gaar te maak. Verduidelik waarom dit nie die geval is met "scombroid"-vergiftiging nie.**

- "Scombroid"-vergiftiging skep histamienes✓ wat hittebestand is✓ en nie deur gaarmaak geaffekteer of vernietig word nie.✓ (Enige 2)

Verstaan maklik uittreksel SV 103 V p 86. (2)

3.3.4 **Stel voor hoe die gebrek aan elektrisiteit as gevolg van beurtkrag bydra tot die verspreiding van hierdie voedseloordraagbare siekte.**

- As gevolg van beurtkrag word die voorsiening van koue onderbreek.✓
- Beurtkrag veroorsaak dat die koelkas/yskas se temperatuur verander.✓
- Temperatuur veranderinge veroorsaak dat die bakterieë groei en vermeerder.✓
- Dit breek die vleis af en histamiene vorm.✓ (Enige 3)

Toepassing matig SV p 107 V p 86 uittreksel. (3)

3.4 **Evalueer die onderstaande spotprentjie en staaf die eet van geneties-gemodifiseerde voedsel in plaas van gemorskos.**

- Geneties-gemodifiseerde voedsel verander die genetiese eienskappe van voedsel deur die manipulasie van die DNS molekules.✓
- GM-voedsel sal voedselsekuriteit verseker,✓ omdat meer gewasse se opbrengs verhoog word en meer mense gevoed kan word.✓
- Produksiekostes word verlaag wat dit meer bekostigbaar maak vir lae-inkomste gesinne.✓
- Gewasse kan 'n beter smaak, voorkoms en tekstuur hê.✓
- Gewasse/voedsel kan meer voedingswaarde hê.✓
- Daar is kommer dat geen spesifieke data bewys dat GM-voedsel skadeloos is nie.✓
- Die proses is vaag en nie maklik verstaanbaar nie.✓
  MAAR
- Die neiging om groot hoeveelhede gemorskos te eet is sleg vir menslike gesondheid.✓
- Dit kan lei tot vetsug✓ as gevolg van die groot hoeveelhede versadigde vette en suikers.✓
- Gemorskos is nie nutriëntdig nie✓ en verskaf ook nie al die nutriënte wat mense benodig nie.✓
- Vetsug lei tot baie ander gesondheidstoestande soos Tipe 2 diabetes/hart-kwale/kankers/asemhalingsiektes.✓ (Enige 7) (7)

**GEVOLGTREKKING:** GM-voedsel is definitief die beste keuse✓ om goeie gesondheid en welstand van verbruikers te verseker.
Evaluering, moeilik SV p 97, 123 V p 83,103. (1)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 4.1.1 **Identifiseer en beskryf die modes wat uitgebeeld word deur:**

**(a) Siklus A**

- **Modegier**✓ (1) – enige styl wat ingang vind onder ‘n groot groep mense ✓ vir ‘n kort periode en dan vining verdwyn/is sterk in aanvraag maar duur slegs ‘n kort tydjie.✓ (Enige 1) (2)

**(b) Siklus B**

- **Standaard modeneigings**✓(1) – begin, groei, ontwikkel en neem uiteindelik geleidelik af/verander altyd✓ maar die veranderings is dikwels subtiel/aanvaar deur baie mense oor ‘n redelike lang tydperk.✓ (Enige 1) (2)

**(c) Siklus C**

- **Klassieke style/mode**✓ (1) - word altyd aanvaar omdat dit tydloos is en altyd beskou word as smaakvol✓bv die “klein swart nommertjie”/nie neigings nie maar duur vir baie seisoene met toevallige subtiele opgraderings/gewild vir ‘n lang tyd.✓ (Enige 1) (2)

Onthou maklik SV p 49 V p 51

**NOTA:** Een punt moet toegeken word vir die identifisering en een punt vir die beskrywing.

4.2 **Gee TWEE redes waarom katoen nie altyd die mees omgewings-vriendelike opsie is nie.**

- Katoen benodig die meeste water van enige gewas wat gekweek word.✓
- Katoen vereis groot hoeveelhede onkruiddoders en plaagdoders.✓
- Die bleik en kleur van katoen veroorsaak gifstowwe wat in die ekosisteem invloei.✓ (Enige 2)

Verstaan matig SV p 67 V p 61-62. (2)

4.3 4.3.1 **Identifiseer VIER groot verskille tussen die korporatiewe drag van 2000 en die korporatiewe drag van 2023.**

- Die style is baie meer ontspanne/informeel.✓
- Skoene is plat en meer gemaklik.✓
- Meer kreatief/minder beperkend.✓
- Meer vel wys/meer ontblotend.✓
- Ietwat meer vroulik.✓
- Baadjies is nie noodsaaklik nie.✓
- Hemde/bloese hoef nie ‘n kraag te hê nie.✓ (Enige 4)

Toepassing matig SV p 57 V p 53. (4)

4.3.2 **Verskaf aan ‘n jong volwassene wat die korporatiewe wêreld betree riglyne om geskikte klere te kies.**

- Kies ‘n artikel wat die beste pas by jou vereistes en behoeftes.✓
- Kry maksimum waarde uit jou aankope✓deur te verseker dat die items gemeng-en-pas kan word/by mekaar pas.✓
- Oorweeg kwaliteit en prys.✓
- Koop geskikte skoene.✓
- Goeie kwaliteit skoene.✓
- Gebruik basiese kleure as basis.✓
- Koop klassieke style.✓
- Kies style wat die liggaamsbou en figuurtipe komplimenteer.✓
- Oorweeg of dit pas, nie die grootte nie.✓
- Kies onderklere wat goed pas en nie wys nie.✓
- Paarstelle moet jou kas domineer.✓
- Kledingstukke moet met mekaar koördineer.✓ (Enige 4)

Onthou maklik SV p 61 V p 54. (4)

4.3.3 **Stel geskikte veranderings voor om die 2023 korporatiewe uitrusting aan te pas vir ‘n aandfunksie na werk.**

- Ruil skoene met skoene met hoë hakke of sandale met bandjies.✓
- Dra groter juwele wat die fokus verander.✓
- Ruil die handsak met ‘n sak wat meer geskik is vir aanddrag/kleiner handsak.✓
- Ruil die baadjie met ‘n meer formele baadjie.✓
- Moenie die baadjie dra nie.✓
- Ruil bloese vir een wat meer formeel is/blink/langmoue het.✓

(Enige 4)

Skeppend matig SV p 59 V p 54. (4)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 **Daar is kostes wat betaal moet word wanneer ’n huis verkoop word.**

**(a) Noem DRIE kostes wat deur die koper betaal moet word.**

- Deposito✓
- Oordragkoste✓
- Oordragfooie/prokureursfooi✓
- Aktekantoorfooie✓
- Okkupasiehuur✓ (as hul intrek voor die oordrag van die eiendom)
- Verbandregistrasiefooie✓
- Administrasie kostes✓
- Inspeksie/Eiendomswaardasiefooi ✓
- Kansellasiefooi vir vorige verband✓
- Versekering (verbandbeskerming, huiseienaarsversekering)✓
- Tussentydse tariewe/diensgelde✓ (Enige 3) (3)

**(b) Noem TWEE kostes wat deur die verkoper betaal moet word:**

- Eiendomsagent fooi✓
- Elektrisiteitsvoldoeningsertifikaat ✓
- Okkupasiehuur (as verhuis na oordrag aan nuwe eienaar)✓
- Munisipale fooie tot die einde van die maand van registrasie in koper se naam.✓
- Diensgelde voldoeningsertifikaat✓ (Enige 2) (2)

Onthou matig SV p 142 V p 119.

5.2 5.2.1 **Sal die Khumalo gesin in aanmerking kom vir ‘n regeringsbehuisingsubsidie indien hulle besluit om die huis te koop? Verskaf TWEE redes vir jou antwoord.**

- Nee, ✓
- Hulle het voorheen ‘n huis besit.✓
- Hulle inkomste is nie minder as R3 500 nie (hy verdien ‘n goeie salaris).✓

Onthou maklik SV p 149 V p 130. (3)

5.2.2 **Verduidelik waarom dit noodsaaklik is dat Mnr. Khumalo en die eienaar van die eiendom die huis wat hulle wil huur, dit moet inspekteer voordat hulle intrek.**

- Dit is belangrik om alle defekte te identifiseer/'n lys van alle defekte te maak voordat hulle intrek✓ anders kan die eienaar aanneem dat die Khumalo-gesin die eiendom beskadig het en hulle aanspreeklik hou vir die skade.✓

Verstaan maklik SV p 137 V p 118. (2)

5.2.3 **Die Khumalo gesin het besluit om strykyster A te koop. Gee VIER redes waarom dit 'n goeie keuse is.**

- Die Phillips strykyster is 'n bietjie duurder maar die besparing op die koopprys is meer.✓
- 1200W – sal minder elektrisiteit gebruik – op die lang duur minder koste aan die werkverrigting.✓
- In Suid-Afrika gemaak – kleiner koolstofspoor as die ingevoerde een.✓
- Indien probleme ontstaan terwyl dit onder waarborg is, kan dit maklik uitgesorteer word omdat dit plaaslik vervaardig word.✓
- Phillips is 'n bekende handelsnaam.✓
- As dit plaaslik vervaardig is, ondersteun dit die SA ekonomie.✓

(Enige 4)

Toepassing matig SV p 152 V p 133. (4)

5.2.4 **Oorweeg die voordele van die huur en koop van 'n huis en staaf waarom die huur van 'n huis vir ses maande die beste opsie vir die Khumalo gesin sal wees.**

- Hulle moet verkieslik 'n huis huur omdat hulle slegs een inkomste het.✓
- Hulle is nuwelinge in die dorp✓ – dit is beter om te huur sodat hulle eers die dorp kan leer ken en dan besluit waar hulle wil woon.✓
- Hulle kan die bietjie wins wat hulle gemaak het, belê en wag totdat die waarde vermeerder het✓en dan eers 'n huis koop wat aan hulle behoeftes voldoen.✓
- Hulle sal vir ses maande 'n vaste bedrag vir die huur betaal✓ en die skommelende rentekoerse sal hulle nie affekteer nie.✓
- Hulle kan die huur verleng as hulle langer daar wil bly.✓
- Hulle sal geld spaar op uitgawes soos onderhoud/ huiseienaarsversekering/diensgelde.✓

(Enige 6)

Analisering moeilik SV p 137,140 V p 118,122. (6)

**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 **Noem VYF vereistes van goeie kwaliteit verpakking.**

- Dit moet die oog vang/aandag trek/inligting verskaf.✓
- Dit moet tussen ander soortgelyke verpakking uitstaan.✓
- Dit moet by die produk pas bv. bevrore voedsel moet verpak word in verpakking wat geskik is vir vrieskaste.✓
- Dit moet sterk/goed ontwerp/gerieflik/maklik hanteerbaar wees.✓
- Dit moet maklik op die rakke geplaas kan word.✓
- Dit moet lugdig wees✓as produkte maklik vog absorbeer.
- Dit moet higiënies wees/die produk beskerm/die produk skoon hou.✓
- Gerieflike grootte wees.✓
- Geskikte vorm. ✓ (Enige 5)

Onthou maklik SV p 29 V p 22. (5)

6.2 **Verduidelik hoe kwaliteitbeheer kan bydra tot 'n suksevolle onderneming.**

- Kwaliteitbeheer sal verseker dat die kwaliteit van die produkte gehandhaaf word/dieselfde grootte/gewig/voorkoms.✓
- Die klante sal tevrede wees.✓
- Die aantal klante sal vermeerder.✓
- Die produkte sal veilig wees vir menslike gebruik.✓ (Enige 3)

Verstaan maklik SV p 22, 24-27, V p 16. 17. (3)

6.3 6.3.1 **Identifiseer hoe Anat se teikenmark ontwikkel het soos haar onderneming gegroei het.**

- Aanvanklik was Anat se teikenmark die mense wat die Bruma vlooimark besoek het ✓– moontlik 'n laer inkomste, meer ontspanne, informeel.✓
- Anat het toe besluit om klante in Sandton te werf✓ – groter inkomste mark, groter vraag, groter druk.✓

Verstaan matig SV p 34,35 V p 35. (4)

6.3.2 **Neem Anat se oorspronklike keuse van produk in ag en bespreek die onderstaande faktore:**

**(a) Beskikbare menslike hulpmiddels**

- Anat is/was iemand wat waag✓ – toe sy in ‘n lang tou moes staan, het sy geskree.
- Anat het die vaardigheid✓ om die produk goed te maak daarom het sy besluit om haar onderneming te begin met ‘n produlk wat sy goed kan maak. (Enige 1)

Verstaan maklik SV p 17 V p 10. (1)

**(b) Aantrekkingskrag vir verbruikers**

- Falafels is nie baie bekend in Suid-Afrika nie en sou dus iets anders wees✓ vir mense om te probeer as hulle na die vlooimark gaan.
- Anat is net met die beste tevrede✓ en wou dus ‘n produk maak wat aantrekkingskrag het vir klante.
- Haar falafels is heerlik.✓ (Enige 2)

Verstaan matig SV p 20 V p 13. (2)

6.3.3 **Verduidelik die voordele om haar onderneming in ‘n voedselsleepwa te begin.**

- Mobiliteit - sy kon haar onderneming skuif waar sy klante kon vind.✓
- Verlaagde oorhoofse kostes – sy het nie nodig gehad om huur of diensgeld te betaal nie.✓
- Vryheid – as die oorspronklike mark nie uitwerk nie, kon sy haar onderneming na ‘n alternatiewe terrein skuif wat nader aan haar klante is.✓
- Sy kon haar teikenmark verander.✓
- Dit was maklik om by verskillende plekke te verkoop✓sy het met haar sleepwa na die verskillende plekke gery. (Enige 4)

Toepassing matig SV p 10-12 V p 7-8. (4)

6.3.4 **Gebruik onderstaande inligting om die verkoopprys van EEN falafel te bereken. Rond die antwoord af na die naaste rand. Toon ALLE berekeninge.**

| |
|---|
| Inligting:<br>Koste van bestanddele om 400 falafels te produseer: R2 810.00<br>Lone betaal: R1 300.00<br>Ander kostes: R500.00<br>Anat wil 70% wins maak. |

- R2 810 + R1 300 + R500 = R4 610.00✓
  R4 610.00 x 70%✓ = R3 227.00✓
  R4 610.00 + R3 227.00 = R7 837.00✓
  R7 837.00 ÷ 400✓ = R19.59✓
  = R20.00✓

  OF

- R2 810 + R1 300 + R500 = R4 610.00✓
  R4 610 ÷ 400✓ = R11.53✓
  R11.53 x 70%✓ = R8.07✓
  R11.53 + R8.07 = R19.60✓
  = R20.00✓

Toepassing matig SV p 38-41 V p 37-38. (7)

6.3.5 **Gebruik die inligting in die scenario om SES faktore wat bydra tot die sukses van Anat se onderneming te identifiseer.**

- Anat is passievol en was gewillig om van agter af te skree.✓
- Sy wou slegs die beste produkte verkoop.✓
- Sy was gewillig om haar teikenmark te verander toe die mark begin afneem het.✓
- Haar produkte is anders en interessant.✓
- Sy bied produkte vir 'n verskeidenheid mense.✓
- Haar produkte was geredelik by die vlooimark beskikbaar en nou in die agentskappe naby haar teikenmark.✓
- Haar oorspronklike oorhoofse kostes was laag te wyte aan die voedselsleepwa.✓
- Soos haar maatskappy meer suksesvol geword het, het sy nuwe produkte ontwikkel.✓ (Enige 6)

Toepassing matig SV p 10-11 Vs p 7 scenario. (6)

6.3.6 **Regverdig waarom Anat se agentskappe in Suid-Afrika sal aanhou groei.**

- Die agentskappe bied maaltye aan vleisliefhebbers, vegetariërs en veganiste/algehele vegetariërs✓- daar is meer en meer mense wat alternatiewe keuses soos veganisme maak.✓
- Anat bied voedsel wat anders is as tradisionele Suid-Afrikaanse cuisine✓– soos Suid-Afrikaners meer en meer opgevoed word,✓ sal hul aanhou soek na ander en nuwe opsies.✓
- Haar produkte is goeie kwaliteit✓ en mense sal aanhou terugkom as hulle tevrede is met haar produkte.✓
- Anat het na Sandton verskuif, na 'n nuwe klante basis wat 'n hoër inkomste het.✓
- Haar onderneming sal 'n bestendige produksievlak hê/sal volhoubaar winsgewend wees.✓
- Anat se produkte is goeie waarde vir geld.✓ (Enige 8)

Analisering moeilik SV p 34 V p 35. (8)

**[40]**

**GROOT TOTAAL: [200]**